# Die Geheim van Geluk



7. Geluk deur barmhartigheid



2023-02-19

AGS Rayton


Past Gustav van Aardt

## Inleiding – Geluk

- Almal wil graag gelukkig wees.
- Wat is die bron van geluk?
- Sukses, materiële dinge, roem, plesier, mag, rykdom?
- Is almal so gelukkig soos wat hulle voorgee?
- Daar moet meer wees…











## Deel 1 – Inleiding: Soeke na geluk

- Blywende geluk
- Hoekom het Jesus gekom?
  - Om vir ons lewe in oorvloed te gee (Joh 10:10)
  - Sy lewe vir ons te gee as offer
- Offers wat ons moet bring (jouself, vlees, eie belange, dank aan die Here)
  - Gal 2:20
  - Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my
- Soek geluk op die regte plek
  - Almal wat dors het.. (Jes 55:1)
  - Kom koop sonder sonder geld, wyn en melk

## Deel 2 – Jesus die sleutel tot geluk

- Jesus die antwoord vir al ons geluk
- Lewe en oorvloed
- Die Woord (Jesus) gee vir ons die antwoorde
- Jesus is die Verlosser wat gestuur is om vir sondaars te kom sterf.
- Hy is die Seun van God en het die dood oorwin.
- Hy is heilig
- Jesus het ware blydskap en seën geken.
- Hy was meer as net 'n uitsonderlike leermeester.
- Hy het die ganse geskiedenis van die mensdom kom verander.
- Hy was meer as 'n mens….. Hy was God wat na die aarde gekom het, die Beeld van die onsienlike God.
- Jesus het gekom om vrede te bring op aarde
- Die lering van Jesus het mense uitgedaag.

# Deel 3 – Geluk deur arm van gees te wees

1. **Wees bewus van jou geestelike armoede**
2. **Wees bereid om jouself leeg te maak**
3. **Aanvaar die rykdom wat daar is in Christus**
4. **Wees bewus van jou afhanklikheid van God**
5. **Wees bereid om jousself te verloën.**

Salig is die wat **arm van gees is**, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Mat 5:3 (1953)

# Deel 4 – Geluk deur droefheid (treur)

1. **Treur oor ons hulpeloosheid en gebrekkigheid (eers swak en dan sterk)**
2. **Die treur van ware berou oor ons sondes. Oorgawe aan God se wil.**
3. **Treur deur liefde vir mekaar.**
4. **Treur oor verlore siele**
5. **Treur oor verlies van 'n geliefde.**

Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.
Mat 5:4 (1953)

## Deel 5 – Geluk deur sagmoedigheid

1. **Beteken onder andere om getem of makgemaak te word.**
2. **Leef nie meer vir jouself nie.**
3. **Sagtheid**
4. **Oorgawe (yield)**
5. **Verdraagsaamheid**
6. **Geduld**
7. **Benodig die bad van die wedergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees om sagmoedigheid te verkry.**

Salig is die **sagmoediges**, want hulle sal die aarde beërwe.
Mat 5:5 (1953)




## Deel 6 – Geluk deur honger

1. **Honger en dors na geregtigheid ("in right standing with God")**
2. **Dinge wat ons eetlus vir geregtigheid van God bederf:**
   - **Sondige genot & wêreldse plesier**
   - **Selfgenoegsaamheid**
   - **Geheime sondes**
   - **Verwaarlosing van jou geestelike lewe**




**3. Lewe in oorwinning**
   - **Gee oor en bely jou sondes**
   - **Toegewydheid ("devotion")**

**4. God self sal jou versadig.**



Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word. Mat 5:6 (1953)

# Die Saligsprekinge (deur Jesus Christus)

Mat 5:2 en Hy het sy mond geopen en hulle geleer en gesê:
Mat 5:3 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
Mat 5:4 Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.
Mat 5:5 Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.
Mat 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.
**Mat 5:7 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.**
Mat 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.
Mat 5:9 Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.
Mat 5:10 Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
Mat 5:11 Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.
Mat 5:12 Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.

# Geluk deur barmhartigheid

Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. Mat 5:7 (1953)

Gelukkig is die wat met ontferming uitreik na mense in nood, want God sal Hom oor hulle ontferm. Mat 5:7 (NLV)

Blessed (happy to be envied, and spiritually prosperous – with life-joy and satisfaction in God's favor and salvation, regardless of their outward conditions) are the merciful, for they shall obtain mercy! Mat 5:7 (Amplified Classic )

Happy are the kind and merciful, for they shall be shown mercy.
Mat 5:7 (Living Bible)

## Geluk deur barmhartigheid

Spr 19:17  Wie hom ontferm oor die arme, leen aan die HERE; en Hy sal hom sy weldaad vergelde.

- **Gaan so baie oor onsself.**
- **Griekse woord praat ook van "compassionate".**

Job 6:14  Vir die moedelose moet daar liefde wees van die kant van sy vriend, ook al laat hy die vrees vir die Almagtige vaar.

Kol 3:12  Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.

## Geluk deur genadig te wees (merciful)

Blessed *are* the merciful: for they shall obtain mercy. Mat 5:7 (KJV)

- **Dink aan Josef en sy broers**

Gen 50:19  Maar Josef het hulle geantwoord: Moenie bevrees wees nie; **want is ek in die plek van God?**
Gen 50:20  Want **júlle het wel kwaad teen my bedink**, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou.
Gen 50:21  Wees dan nou nie bevrees nie: ék sal julle en julle kinders onderhou. So het hy hulle dan getroos en na hulle hart gespreek.

**Hoe genadig is ons teenoor ander?**

# Die ryk jongman

Mat 19:21 Jesus antwoord hom: As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My.
Mat 19:22 Maar toe die jongman dié woord hoor, het hy bedroef weggegaan; want hy het baie besittings gehad.

**Bedroef vs Geluk**

- Hy mis die geleentheid tot geluk en om barmhartigheid te kon wys.
- **Volle oorgawe aan Christus kan gesien word in ons bereidheid om met andere te deel.**

# Christenskap moet uit ons vloei

Joh 7:38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

- Christenskap beteken om eerste na Christus te kom sodat die lewende waters kan invloei.
- Tweedens moet daar lewende water uit jou binneste vloei.
- Wat vloei uit jou uit?





## Wat sê Jesus ons leier vir ons

Mat 5:38 Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand. 39 Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe. 40 En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bo-kleed kry. 41 En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam. 42 Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie.

Luk 6:38 Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.

**Lewe ons Christus uit na buite?**

**"If Satan can take the mercy out of Christianity, he has killed its effectiveness. If he can succeed in getting us to talk a good case of religion but to live a poor one, he has robbed us of our power."** Billy Graham

## Genade en Barmhartigheid in Aksie

**1. Gee om vir die behoeftes van ander rondom ons.**

- **Raak betrokkke**

- **Mense benodig ook bv skoonmaakmiddels en eie persoonlike items soos seep ens.**

- **Kyk rondom jou watse behoeftes daar is.**





## Genade en Barmhartigheid in Aksie

**2. Laat vaar vooroordele**



- **"Prejudice" beteken "Pre Judging"**
- **Ons neem 'n besluit oor ander, sonder om die feite te hê.**
- **Die wortel hiervan lê in trots.**
- **Dit beroof mense van 'n regverdige verhoor.**

Mat 7:1 Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie.

Mat 7:3 En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?

## Genade en Barmhartigheid in Aksie




**3. Deel die evangelie van Jesus Christus**

- **Die mens se geestelike hongersnood is nog groter as fisies en liggaamlike honger.**
- **Ons moet ook kan "gaan"**
- **Verlore siele moet gered word.**



Mar 16:15 En Hy het vir hulle gesê: **Gaan** die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.

**Betoon barmhartigheid aan verlore siele en deel die goeie nuus van Jesus Christus.**

# Geluk deur barmhartigheid

**Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. Mat 5:7**

Jak 2:15 As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, 16 en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie—wat baat dit?

1Jn 3:17 Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?

Jes 58:7 Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerwelinge in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie? 8 Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees. 9 Dan sal jy roep, en die HERE sal antwoord; jy sal skreeu om hulp, en Hy sal sê: Hier is Ek! As jy van jou verwyder die verdrukking, die uitsteek van die vinger en die leuenagtige woord, 10 en jou siel laat uitgaan na die hongerige, en die neergeboë siel versadig; dan sal jou lig opgaan in die duisternis en jou donkerheid wees soos die middag. 11 En die HERE sal jou gedurigdeur lei en jou siel versadig in dor plekke en jou gebeente sterk maak; en jy sal wees soos 'n tuin wat goed besproei is en soos 'n fontein van waters waarvan die water nooit teleurstel nie.

# Geluk deur barmhartigheid

**Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. Mat 5:7**







